



FONDS VIR INNOVASIE EN NAVORSING IN LEER EN ONDERRIG (Finlo) Riglyne en kriteria vir aansoek om befondsing: 19 November 2021

1. Algemene inligting

Enige aangestelde dosent, groep dosente of Sentrumpersoneel verantwoordelik vir leer en onderrig by die US mag 'n projekvoorstel indien vir befondsing tot 'n maksimum bedrag van R60 000,00.

Projekte wat aansluit by tema v, met internasionale netwerke vir samewerkende onderrig en leer, kan kwalifiseer vir verdere ondersteuning uit die SU Internasionale begroting van nog R60 000,00.

2. Uitsonderings

Voorstelle sal nie aanvaar word nie indien:

- Enige van die navorsers uitstaande projekverslae van vorige projekte het nie
- Vorige projekte wat befonds is nie by die US Akademieskap van Onderrig en Leer Konferensie aangebied is binne 12 maande nadat die betrokke projek voltooi is nie.

3. Kriteria vir aanvaarding van aansoeke

- Toepaslikheid van die voorgestelde projek
- Voorleggings wat *Innovasie* gemerk is, moet 'n kort evaluering van die projek insluit
- Voorleggings wat *Navorsing* gemerk is, moet teoretiese raamwerk en navorsingsontwerp insluit, en bevindings/resultate bied sodra die projek voltooi is
- Verwagte voordeel vir/invloed op leer en onderrig by US
- Etiese verklaring moet ingedien word
- 'n Gedetailleerde aktiwiteitsplan en 'n belynde begroting
- Name en posbenaming van alle individue betrokke en hoe hulle vergoed sal word, moet verskaf word
- Projekte mag slegs tot 'n maksimum van 2 rondtes befonds word en bly onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse en verslae ten opsigte van alle vorige projekte wat deur die primêre navorsers (PN) ingedien moet word.

Neem asseblief kennis:

- Aansoekers mag die primêre navorsers (PN) wees op slegs een projek per rondte van befondsing
- Die PN moet 'n permanente US personeellid wees of, indien aan die US gekontrakteer, moet die kontrak ten minste ses maande na afloop van die projek duur
- Die PN is verantwoordelik om etiese goedkeuring en/of institusionele toestemming te verkry voor met die projek begin word
- Tweede rondte aansoeke moet agtergrond en resultate voorsien ten opsigte van vorige studies
- Versoeke vir toerusting en ander bates moet gemotiveer word en kwotasies insluit. Slegs versoeke wat bewys lewer dat die gevraagde toerusting sentraal tot die sukses van die voorgestelde projek is, sal gedek word. Na afloop van die projek, moet toerusting beskikbaar gestel word vir wyer gebruik binne die fakulteit. Sulke toerusting en bates moet aangekoop, registreer en bestuur word volgens die betrokke standaardprosedures in die PN se omgewing.

4. Finlo befonds nie

- Bywoning, registrasie en reiskoste ten opsigte van konferensies
- Aansoeke vir besoeke aan ander universiteite
- Vertaaldienste
- Meesters of doktorsale studies

- Vergoeding vir navorsingswerk (voltyds aangestelde US-personeel)
- Vergoeding aan die aansoeker of mede-aansoeker vir werk onderneem gedurende gekontrakteerde tyd (kontrakpersoneel)
- Ontwerp van kortkursus d.w.s. kursusse wat derde-stroom inkomste genereer
- Werk wat as dag-tot-dag beskou word
- Terugwerkende aansoeke of gedeeltes daarvan.

5. Daar sal van suksesvolle aansoekers verwag word om

- Die projek binne 6 maande na ontvangs van die toekenning, te begin
- Elke ses maande 'n vorderingsverslag in te dien, asook 'n kopie van die kostepunt transaksies en balans. Die templaar (sien skakel) dien as riglyn vir die voorbereiding van u verslag ten opsigte van u Finlo projek: <http://www.sun.ac.za/english/learning-teaching/ctl/Documents/FIRLTFINLOreportprojecttemplate.pdf>
- 'n Finale verslag aan die einde van die projek in te dien en alle onspandeerde fondse in die Finlo kostepunt terug te betaal
- Die finale verslag op die Finlo webtuiste te publiseer
- Afskrifte van alle projekverwante publikasies aan die Finlo administrateur te verskaf.

6. Vrae met betrekking tot Finlo kan gerig word aan die SOL-adviseur in u fakulteit:

- Hulle [kontakbesonderhede is hier](#) beskikbaar.

Sentrum vir Onderrig en Leer / Centre for Teaching and Learning / Iziko Lokufundisa Nololwazi

saam vorentoe · masiye phambili · forward together

Sentrum vir Onderrig en Leer | Iziko lokuFundisa nokuFunda | Centre for Teaching and Learning Privaat Sak | Private Bag X1,
Matieland, 7602

Tel: +27 21 808 3717 | Faks | Fax: +27 21 886 4142 | www.sun.ac.za/ctl | www.sun.ac.za/sol

